


# KOERSVAS

Jaargang 7    Uitgawe 169 13 September 2019

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



## REDAKSIONEEL

### Volhoubaar genoeg

Die Bondsvergadering het hierdie week te Premiermyn Hervormde Kerk plaasgevind. Twee gesprekke het langs mekaar plaasgevind. In die kerk self was die tema waarop gefokus is, die tema rakende volhoubaar kerkwees. In die konsistorie was die tema wat die dames gekies het 'genoeg'. Met eerste oogopslag kan dit lyk asof die twee temas mekaar weerspreek.

Volhoubare diens aan die Here impliseer 'n soeke en aktiwiteit. Genoeg impliseer 'n statiese tevredenheid. Hierdie oënskynlike teenspraak moet van nader ondersoek word.

'Genoeg' as tema is bespreek deur die woord 'n storielyn akroniem te maak;

G - gee nog

E - eie ek

N - nood leer bid

O - oorgang en oorfloed

E - erkentlikheid

G - genade.

Dit is nie moontlik om in die bestek van hierdie redaksionele stuk die diepte van gesprekke weer te gee nie. Daar gaan volstaan word met een storielyn om die voorbeeld te illustreer. Saulus was 'n yweraar wat met toewyding Christus se kerk

vervolg het. Sy oortuigings het gemaak dat hy nie tevrede was om die kerk net in Jerusalem vervolg nie. Hy wou agter sy reputasie aan, met bekendstellingsbriewe van die hoëpriester, ook Christene in Damaskus gevange neem en na Jerusalem bring. Sy eie ek het hom gedryf. Hy wou vir almal wys hoe toegewyd hy is, sy eie eer was vir hom baie belangrik. Die ontmoeting met die Here op pad na Damaskus het hom in 'n krisis situasie gebring. Nood het hom leer bid, eintlik leer reg bid. Dit het gemaak dat Paulus tot bekering kom en oorgaan van 'n toegewyde self-opheffer, na 'n lewe van self-opoffer uit die oorfloed van die Here. Hy het besef dat hy moet erken dat die Here in genade uitreik na almal. Dit het hom gebring by die punt waar hy kon stel dat God se genade vir hom genoeg is. Sy sendingreise dui aan dat elke mislukking eintlik net 'n nuwe geleentheid geskep het. Sy bediening het geëindig in die vernedering van die doodstraf, en tog het die kerk van die Here bly groei.

'Genoeg' so verstaan, beteken dat enige aktiwiteit aangepak word in die oortuiging dat Sy genade vir ons genoeg is. Ons lewe in 'n tyd waar daar met reg gevra word; 'wanneer is genoeg werklik genoeg?' Genoeg is 'n relatiewe term in die konteks van menslike standaarde. 'n Pensioen is

genoeg om vir 'n sekere tydperk 'n bepaalde lewenstyl te handhaaf. Een veranderlike - soos hiperinflasie - kan 'genoeg' verander na 'te min'.

Dit is juis dan ook die agtergrond na die vraag oor volhoubaarheid. Die gespreksdokument het in *Die Skietlood 168* verskyn en kan daar ondersoek word. Die belangrike punt wat egter na vore kom, is dat dit God se kerk is. Mense kan alles met ywer reg doen, en tog kan hulle pogings misluk. Mense kan met brandende begeerte diens aan die Here nastreef. Tog moes Paulus erken dat hy in ten minste een sodanige ideaal verhinder is. Hy het berusting gevind daarin dat God se genade genoeg is.

So sluit die twee gesprekke by mekaar aan. Dit is ons opdrag en roeping om besig te wees met kerkwees as instrument van God se genade (*in ecclesia salus est - in die kerk is die saligheid*). Dit is daarom nie onvanpas om te vra vir nog nie. Ons kan vra vir nog lidmate, nog geld, nog predikante. Ons mag planne ondersoek om besig te wees met diens aan die Here tot en met die wederkoms. Die standaard waaraan ons meet, is nie getalle nie, nie bankbalanse of beroepe nie. Inteendeel, ons moet die insette verwyder van die resultate. Ons moet daarin berus dat Sy genade vir ons genoeg is. Genoeg om onverpoosd te dien, ongeag die resultate.

## **BERIGTE EN KENNISGEWINGS**

### **BONDSVERGADERING 2019**

Soos alles anders in hierdie lewe, het ook hierdie vergadering gekom en gegaan. Dit was -soos ook die vorige vergaderings - 'n suksesvolle byeenkoms. Almal het gesellig saam gekuier, met toewyding deelgeneem en met self-dissipline opgetree, wat gemaak

het dat sittings stiptelik kon begin en eindig. Sodra die notule goedgekeur is, sal besluite aan gemeentes deurgegee word en in Koersvas gepubliseer word.

### **BONDSDAMES BYEENKOMS**

Die dames se byeenkoms is ewe-eens baie goed bygewoon en die terugvoer was uiters positief. Die jaarlikse kwiltprojek het meer as R14300 ten behoeve van teologiese opleiding gerealiseer. Die kwilt is gewen deur Dawn Joubert van Koster. Die 2019-2020 kwilt is bekend gestel (sien foto hier onder) en gemeentes word aangemoedig om hierdie verdienstelike projek getrou te ondersteun.

### **KOERSVAS EN DIE SKIETLOOD**

Die vergadering het die redaksie se voorstel rakende die frekwensie van hierdie twee publikasies aan te pas, aanvaar. Koersvas en Die Skietlood sal daarom met ingang van Jaargang 8 maandeliks verskyn.

### **BEDIENING IN BLOEMFONTEIN**

Met die bedanking van ds. Thinus Swart en die emeritaatsaanvaarding van ds. Lewis Strauss, probeer die Kuratorium, Gemeente Bloemfontein bystaan met die bediening aldaar.

Hiermee rig die Kuratorium 'n vriendelike versoek tot u om hulp.

Dit sal hoog op prys gestel word indien u u weg sou oopvind om u predikant net een naweek per jaar die geleentheid te gun om met die prediking en moontlike pastoraat Bloemfontein by te staan.

Die Kuratorium het 'n donateur wat ons help met die aanvanklike reiskoste totdat Gemeente Bloemfontein self die koste kan dra. Enige klein bydrae van u kant sal egter baie waardeer word.

By voorbaat baie dankie vir u simpatieke oor.  
Die Kuratorium hoor graag van u in die verband.

Vriendelike groete,  
SEKRETARIS oudl. Pieter Geysler

### GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/> (sien skermfoto hier onder.)

Daar is ook weekliks nuwe preke op **whatsapp** beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

### OORNAG FASILITEITE

#### Villa Stoney B+B

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !

Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek - naby hospitaal en besighede-  
Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers  
Etes en wasgoed op afspraak  
Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by **Villa Stoney**

Naby genoeg aan Cullinan. Bespreek betyds vir die 2019 Bondsvergadering. Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 [aure@mweb.co.za](mailto:aure@mweb.co.za).

### DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)



2019/2020 Kwilt deur die dames van Vivo/Dendron


**Skermshoot van Geloofsbond webwerf te  
[www.geloofsbond.org.za](http://www.geloofsbond.org.za)**

8/12/2018

Geloofsbond

Geloofsbond van Hervormende Gemeentes

<https://www.facebook.com/geloofsbond>  
<https://twitter.com/geloofsbond>  
<https://www.youtube.com/geloofsbond>



1 2 3 4

**Kontakbesonderhede** van kontakpuntkluis: Hier word die Gemeentes se wêreld-gesprek hier te by die Geloofsbond van Hervormende Gemeentes

**SELFVERSTAAN**

Die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes (GHG) se selfverstaan is nie 'n afgehandelde saak nie, want die Bond is steeds besig om sy plek te vind op die grondslag van die Bybels Reformatoriese teologie van die ou NHKA.

Lees meer ([/so-glo-ons/selfverstaan](https://so-glo-ons/selfverstaan))

**SO GLO ONS**

Ons omwrikbare geloof in God Drie-enig, ons vashou aan die Bybel as ons enigste kanon, ons aanvaarding van die Belydenisskrifte, die Proponentformule, dinge ons daartoe om te staan by ons geloofsoortuigings. Ons smeekbede is: Help ons, God.

Lees meer ([/so-glo-ons/geloofsstandpunt](https://so-glo-ons/geloofsstandpunt))

**GESKIEDENIS VAN DIE GELOOFSBOND**

Ons sien onself as Hervormers en as die ware voortsetting van die Voortrekkerk. Lees meer oor die geskiedenis en ontstaan van die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes.

Lees meer ([/so-glo-ons/geskiedenis](https://so-glo-ons/geskiedenis))

<https://geloofsbond.org.za>

1/6

